DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS
SEDERT 1963

# menlo-insig

Insig 16/2025 - 22 Mei 2025



## Boodskap van die hoof

Beste Leerders en Ouers

Ons is nou bykans halfpad deur die jaar – 'n tyd om terug te kyk op wat bereik is en vorentoe te kyk na wat nog moontlik is. Onthou: Elke klein tree vorentoe bring jou nader aan jou doel. Moenie moed opgee nie, al voel dinge soms uitdagend.

**Hou aan werk, hou aan glo en hou aan groei.**

Dankie aan elke ouer vir julle ondersteuning en aan elke leerder wat elke dag opdaag met 'n wil om te leer en deel te neem. Die tweede helfte van die jaar wag met nuwe geleenthede.

Laat ons dit vol moed en 'n positiewe gesindheid aanpak!

## Teksvers vir 2025

**Jesaja 43: 18 & 19**

Maar moenie net aan die vroeëre dinge dink en by die verlede stilstaan nie. Kyk, ek gaan iets nuuts doen, dit staan op die punt om te gebeur, julle kan dit al sien kom; Ek maak in die woestyn 'n pad, Ek laat in die droë wêreld riviere ontspring.

## Teksvers vir die kwartaal

**Jeremia 17: 7 - 8**

Dit gaan goed met die mens wat sy vertroue in die Here stel, die mens vir wie die Here 'n veilige vesting is; so iemand is soos 'n boom wat by water geplant is en sy wortels na die stroom toe uitstoot, nie die hitte voel as dit kom nie en altyd groen blare het; 'n droë jaar raak hom nie en hy hou nie op om vrugte te dra nie.

# BELANGRIK

## SKAKELS

- Eksamenrooster
- Studiekursus
- Kultuurkalender


## WINTERSPORTBEPALINGS

- Rugby
- Hokkie
- Netbal

## DATUMS

| | |
|---|---|
| 26 Mei | Wintereksamen begin: gr. 10 — 12 |
| 4 Junie | Wintereksamen begin: graad 8 & 9 |
| 16 Junie | Jeugdag |
| 27 Junie | Skool sluit |




## NUUT OP ED-ADMIN

Documents

Kommunikasie: WhatsApp-ouergroepe vir buitemuursaktiwiteite

## 'n Brokkie Menlo-geskiedenis

1975, vanjaar net mooi 50 jaar gelede, was dit nie, soos die laaste paar die geval is, die seuns en die meisies wat op die netbalbaan kragte gemeet het nie — nee, dit was op die rugbyveld dat 'n eerste geskiedkundige wedstryd afgespeel het. Die meisies se haka was iets om te sien en te hoor.



## Afrikaans: 100 jaar
## Het jy geweet?

Die naam van die SI-eenheid is in Afrikaans *sekonde*.

Die meervoud is sekondes.

Die vorm *sekond* is 'n direkte oorname uit Engels.

Bron: Viva-Taalwenk

## SOOS OU VRIENDE DOEN

Die skool se eerste matriekklas het in 1965 gematrikuleer. Daarmee saam was hierdie groep vir allerhande eerstes verantwoordelik, onder andere die eerste matriekafskeid wat op 12 November 1965 plaasgevind het.

Die Menlobond het die Klas van '65 verlede week op Menlo-bodem vir hulle sestigjaarreünie en 'n herinneringsreis verwelkom.
Welkom terug! Dit was 'n voorreg om julle op Menlo-bodem te ontvang.



# AKADEMIE









**ENGLISH BOOK QUIZ**

Honderde belese Parkies het verlede week aan die English Book Quiz deelgeneem waar hulle kennis van die boek, *Percy Jackson and the lightning thief*, getoets is.

Die Insig het die uitslae in eg dramatiese styl ontvang en plaas die uitslae graag soos wat dit ook aan die skool tydens amfi-opening oorgedra is.

*In third place, proving that age is no curse from the Fates, and that our Grade 8s can hold their own against the mighty Matrics. Give it up for the fearless Dauntless Damsels and the legendary The Real Slim Hades!*

*In second place, with minds as sharp as Athena's spear and reflexes that even Hermes would envy, we have the radiant Apollo's Muses: Corlise Potgieter, Marco Visser, Alexander Uhlig, Lyla Coetzee, Carli Brouwer and Skye Smit.*

*The winners of this year's quiz take home R1 200 - the kitty from our entire quiz. Taking first place we have the goddesses of knowledge, the slayers of sphinx-worthy riddles, the aptly named Wise Girls that's Chanté le Roux, Marlene Kruger, Mieke du Preez, Chantal Hanekom and Annabel van Niekerk.*

# VAKATURE

## Onderwyspos (BL)

## Besigheidstudies: Gr. 10 – 12
## Rekeningkunde: Gr. 10
## EBW: Gr. 8 & 9

**Vereistes**

- Opleiding in Besigheidstudies en Rekeningkunde as vakgebied.
- Ervaring in die onderrig van Besigheidstudies en Rekeningkunde is 'n vereiste.
- Verdere vereistes sluit 'n toepaslike onderwyskwalifikasie, asook SARO-registrasie in.
- Ondervinding as matrieknasiener sal as aanbeveling dien.



DIE HOËRSKOOL MENLOPARK
EXCELSA PETAMUS

**MENLO**
Akademie

Stuur 'n volledige CV na
hoof@menlopark.co.za

**Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 Mei 2025**

*Aanvangsdatum: 21 Julie 2025*

www menlopark.co.za    f AbsolutMenlo

# KWARTAAL 1: TOP-20

1. Lana Swanepoel (93,33%); 2. Keilah Visser; 3. Emily de Jager; 4. Lené Meiring; 5. Christiaan Koekemoer; 6. Jacques van Heerden; 7. Luzanne Coetzee; 8. Liam Coertzen; 9. Nadine Kruger; 10. Anzell van Lingen; 11. Anabelle McIntyre; 12. Jacques Groenewald; 13. Gabrielle van Rensburg; 14. Liam Senekal; 15. Lara Hofmeyr; 16. Diandi Snyman; 17. Esjee van Heerden; 18. Leanné Bester & Elseri Steenkamp; 20 Ruben van Niekerk.

1. Zea de Villiers (94,37%); 2. Divan Heyl; 3. Raine Smit; 4. Shané Koekemoer; 5. Ruan Nieuwenhuys; 6. Heinrich Coertze; 7. Libby Pienaar; 8. Janelle Kirkpatrick; 9. Lize Coetzee; 10. Bernhard Böhmer; 11. Ava van der Linde; 12. Mieke van den Berg; 13. Heinz Kunzmann; 14. Reinhard Langenhoven; 15. Leila du Plessis; 16. Mari Coetzee; 17. Suna-Marie Barnard; 18. Lua Pretorius; 19. Leané Gerber; 20. Zoey van Rooyen.

1. Adri de Beer (96,53%); 2. Talia Jonker; 3. Liané de Wet; 4. Ethan Steenkamp; 5. Simoné Spies; 6. Gisele Geldenhuys; 7. Jeanne-Marie van Brummelen; 8. Milan Visser; 9. Luané Erasmus; 10. Markus de Jager; 11. Liané van Sittert; 12. Daniel Slabbert; 13. Clarabelle Haasbroek; 14. Ané Pretorius; 15. Chriselna de Villiers; 16. Stehan Serfontein; 17. Ockert Blom; 18. Kendra van Dijk; 19. Annika Böhmer & Alexi Olivier.

1. Erik Senekal (97,96%); 2. Luka Smit; 3. Luan Visser; 4. Livvy Pienaar; 5. Nicholas Pretorius; 6. Le Roux van Wyk; 7. Rian Knoesen; 8. Liam de Koning; 9. Clara Serfontein; 10. Enya Pretorius; 11. Lente Swanepoel; 12. Danielle Kohlmeyer; 13. Nina Dicks; 14. Marlene Kruger; 15. Hesten Roetz; 16. Xander Smith; 17. Mia de Waal; 18. Karla van Rooyen; 19. Xanté Strauss; 20. Jean du Plessis & Corlise Potgieter.

1. Wilna Beetge (97,45%); 2. Jasper Smit; 3. Ryan Hill; 4. Melike Spies; 5. Chenay de Jager; 6. Elsjé Groenewald; 7. Andries Beyers; 8. Gerhard Mahne; 9. Wihan Vermeulen; 10. David Kunzmann; 11. Madia van der Westhuizen; 12. Megan Johnson; 13. Friedrich Weilbach; 14. Mikayla Smit; 15. Elri Serfontein; 16. Ané Prinsloo; 17. Amilia Coetzee; 18. Isabeau van Helsdingen; 19. Deané van Zyl; 20. Andru Keun.

# KULTUUR

## MENLO-KOOR

### ATKV-STREEKSFEES

Die koor het 'n goue toekenning, die hoogste prestasie, by die pas afgelope ATKV-streeksfees behaal. Die skool wag nou in spanning om te hoor of die koor na die nasionale finaal deurdring. Baie geluk aan elke koorlid, die personeelspan asook 'n ongelooflike ouerkorps wat bankvas agter hierdie musikale span staan.



## VOORDRAGKONSERT

Daar word van musiekleerders in graad 10, 11 en 12 verwag om 'n konsertvoordrag as deel van hulle praktiese assessering te doen. Hierdie gebeurtenis, met 'n *Alice in wonderland*-tema, het verlede week plaasgevind en die gehoor is met musiek van hoogstaande gehalte betower.



# SPORT

## WINTERSPORTUITSLAE

### DERBY VS. WATERKLOOF

Die winterkieme het behoorlik amok gemaak en 'n stokkie voor talle van die afgelope naweek se wedstryde gesteek. Volg gerus die **skakel** vir die uitslae van die wedstryde wat plaasgevind het.

**Rugby**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 10 |
| Wedstryde gewen | 5 |

**Netbal**

| | |
|---|---|
| Wedstryde gespeel | 11 |
| Wedstryde gewen | 7 |





## GHOLF

### VOORSITTERSTROFEE: SEMIFINAAL

| | |
|---|---|
| Menlo 1 vs. AHS 1 | 3½–½ |

Menlo 1 dring na die finaal van die Voorsitterstrofee deur. #MenloTrots

### LIGA: A-AFDELING

Rondte 1

| | | |
|---|---|---|
| Poel 1 | 19 Mei | Waterkloof Gholfklub |
| 1. | Waterkloof 1 | 55 punte |
| 2. | Menlo 2 | 50 punte |
| 3. | AHS 2 | 42 punte |

| | | |
|---|---|---|
| Poel 2 | 19 Mei | Dienste Gholfklub |
| 1. | Menlo 1 | 48 punte |
| 2. | Menlo 3 | 48 punte |
| 3. | AHS 1 | 47 punte |




## LANDLOOP

### ASICS MENLO-LANDLOOPAFLOSBYEENKOMS

| | |
|---|---|
| Junior dogters | Menlo: 5de |
| Senior dogters | Menlo: 9de |
| Junior seuns | Menlo: 4de |
| Senior seuns | Menlo: 3de |

| Algeheel: dogters | Algeheel: seuns |
|---|---|
| 1. TuksSport | 1. Curro Hazeldean |
| 2. HS Kempton Park | 2. TuksSport |
| 3. Helpmekaar Kollege | 3. Die HS Menlopark |
| 5. Die HS Menlopark | |









# PRESTASIES BUITE MENLO



**YSSKAATS**

Tristané Schmulian: South African National Figure Skating Championships

Prestasie: Goue medalje

Afdeling: High Performance Advanced Novice Ladies



# ONDERSTEUN ONS PARKIE-ENTREPRENEURS





Hierdie is 'n spesiale geleentheid vir alle Menlo-entrepreneurs om hulle produkte gratis in die Menlo-Insig te adverteer.

# MENLO-BORGE

SAFARI OUTDOOR

OBARO

# MARKPLEIN



RENAULT
SILVERLAKES
your road, your Renault.
KIGER
34 HYH 791
Renault Kiger
TURBO RANGE
Starting from
R4 399 pm
or receive up to R42 000
cash back/ deal assist or
Renault Duster
Starting from
R5 599 pm
SCAN HERE AND WE'LL GET BACK TO YOU!
RENAULT Silverlakes
Nadia Kruger: 076 144 6414




FSA JEUGUITRUILPROGRAM
FSA Youth Exchange
DUITSLAND 2025
Geen Duits nodig nie.
Is jy tussen 15 en 19 jaar en geregistreer by 'n hoërskool in Suid-Afrika? Dan kan jy aansoek doen vir hierdie ongelooflike kultuur-uitruil!
Bly by 'n Duitse gesin en ervaar die lewe soos 'n plaaslike tiener. Geen vakansie of toer nie – dis 'n lewensveranderende onderdompeling in 'n ander kultuur.
Datums & Aansoeksluitings:
27 Nov 2025 – 8 Jan 2026* (6 weke)
Sluitingsdatum: 25 Julie 2025
11 Des 2025 – 8 Jan 2026* (4 weke)
Sluitingsdatum: 15 Augustus 2025
*Voorlopige datums.
Sluit aan by meer as 5 000 jong Suid-Afrikaners wat al aan die FSA-uitruil deelgeneem het!
DOEN NOU AANSOEK
admin@fsa-youthexchange.co.za
fsa-youthexchange.co.za




EARLY BIRD SPECIAL EXTENDED
JOIN US AND UNLOCK YOUR FULL CREATIVE POTENTIAL!
acreconference.com
29TH INTERNATIONAL CREATIVITY CONFERENCE
Klein-Kariba
14 - 17 October '25
The best of the best experts on Applied creativity & "Creative thinking"
Learn about creative thinking
Unlock your team's potential
Learn about "Applied creativity" for YOU and your business
WWW.ACRECONFERENCE.COM
BECREATIVE.MARTIE@GMAIL.COM
ACRE29
Applied Creativity: Creating New Futures




PRETORIA MARQUEE HIRE
Beste pryse in Pretoria
076 423 6089

Harcourts Capital

# KOOP OF VERKOOP?

## VOORDEEL VIR DIE HOËRSKOOL MENLOPARK EN MENLO OUERS




Wil u graag in die Insig adverteer?

Volg die skakel vir meer inligting.